# Lief en Leed

Pieter Baard en Magda het steeds 'n voorbidding nodig.

Connie Schafer is tuis, maar nog moeg en het steeds u voorbidding nodig.

Isabel Maartens se vader is opgeneem in die sorgsentrum by Heuweloord.

Jeanette Kalp is weer tuis. Kom ons vra die Here om Hom asb. nog steeds oor haar te ontferm.

Elsie Calitz het kanker onderlede en ontvang tans behandeling.

Petro Hanekom het nou die regte dokter gekry en ons bid dat sy behandeling vir haar goed sal wees.

Dawina Zaayman het steeds u gebede nodig. Die bloedklont waarvoor sy behandeling ontvang het, het nog nie opgelos nie.

Pat Martens is dankbaar vir al die gebede vir haar dogter Karen. Dis egter nog 'n langpad na volkome herstel. Hou haar dus in u gebede.

Petru Kruger is in die Step Down kliniek en loop al bietjie rond. Hou haar steeds in u gebede.

Louis Mostert se broer het steeds ons voorbidding nodig. Hy ly moontlik aan motorneuronsiekte en sal plek moet vind waar sy vrou hom sal kan versorg.

Kobie Small is in Rusoord opgeneem en is oor die algemeen baie verswak. Bid asb. vir haar gesondheid.

Johan Nöthling het 'n operasie gehad waar 'n gewas aan sy rug verwyder is. Bid asb. dat hy volkome sal herstel.

Marie Cockram se dogter Anne-Marie, is geopereer en reeds ontslaan, kom ons bid dat hierdie operasie die heup en been waarvan sy las gehad het, sal opklaar.

Voorbidding word gevra vir Huis Gideon se dogters. Olive gaan eerskomende Woensdag vir ''n kniegoperasie en Christina het Duitse masels onderlede

**Voorbidding word ook gevra vir die Kerkraadsvergadering wat Dinsdag 10 Februarie 2015 plaasvind.**

# *Die Aankondiger !*

## *EREDIENS: 8 Februarie 2015*

**Prediker:** **Ds. Gideon du Toit**

**Skriflesing:** **Filip 3: 17 - 4:1**

**Tema:** **Wie is vyande van die kruis.**

**Liedere:** **450:1,2; 199:1-3; 393:1,3,4; 453:1-3; 599:1-3**

**Jeug: 18:00 Rusoord: 17:00**

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

Dié wat hulle hoop op die Here stel, sal hulle krag terugkry.
Hulle vlieg hoog, soos arende.

**GEBEDSVERSOEKE**

Ons gebed kan ook wees: U het my paaie geleer wat na die lewe lei, U sal my bly maak met U teenwoordigheid. ( Handelinge 2:28)

Mag senior burgers van ons gemeente die tyd van aftrede en rus van werk goed gebruik, maar ook tot ware innerlike rustigheid in afhanklikheid van die Here kom.

Gebed is 'n belangrike en nodige "werk" waarmee ons voortdurend besig kan wees. Talle sending en hulporganisasies vra gereeld dat ons hulle behoeftes in voorbidding sal onthou. Mag die Here die werkers self kies en uitstuur in Sy oes en hulle versterk en tot seën maak vir mense wat nog nie bereik is met die evangelie nie. Ons tree in vir die werk van Dorethea Sending in lokasies. Hulle het ook in dame wat berading doen en mense bystaan in Steve Biko-hospitaal.

Ons loof en dank die Here vir ons en ons kinders se vermoë om goed te sien en hoor. Ons dink aan gesiggestremdes en dowes, veral ook sodanige kinders wat met moeite skoolopleiding moet kry.

### *ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3*

***Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.***

# Kennisgewingbord

***Deurkollekte* : Instandhouding**

***Bruingeld vir Sending:*** vanaf 21/11/2012 is **R9406** al ingesamel. Mooi so!

## *BYBELS*

Marina Cox (opvolger van wyle Ds. Koos Beukes) van Evangelisasie - VGK is opsoek na ou Bybels, enige taal en grote. Dit kan in die kantoor ingehandig word. ***Nuwe Bybels*** is beskikbaar in die kombuis-area.

**Die Wynveiling van 13 Februarie word verskuif na 27 Februarie**

Ons vra skenkings van veral rooiwyn om op te veil. Kontak kerkkantoor as u kan help.

## *Omgee-Vroue*

**Op Sondag 22 Feb 2015** eet ons as Gemeente weer saam om die Nagmaal van 15 Februarie te vier. Die Omgee-Vroue sal sorg vir mooi gedekte tafels, koue vleis, 'n broodjie en roomys. Bring net 'n slaai, bietjie nagereg, 'n donasie, jou eie drinkgoed en eetgerei, en kom geniet hierdie somer-ete saam met mense wat omgee vir mekaar.

Die Jaarlikse viering van die **Wereld Biddag vir Vroue** vind plaas op **Vrydag 6 Maart 2015**. Dit is vanjaar ons beurt en ons voorreg om dit aan te bied. Die verrigtinge begin **9:00 vir 9:30** en die Boodskap gaan oor "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het", met die Bahamas as tema. Uitnodigings is reeds gestuur aan Christelike kerke in ons omgewing. Ons doen 'n beroep op ons gemeentelede om asb ook uit te reik en ander vroue te nooi om hierdie besondere geleentheid saam met ons te vier en so saam te aanbid. Die Jubilatum koor sal by hierdie geleentheid optree. Vir navrae kontak Adél Klerck by 0126642261 of 0768900823 of via e-mail adel.klerck@jjon.co.za.

## DRINGEND GESOEK

Die kerk is dringend opsoek na 'n elektriese broodmes vir die voltydse gebruik van die sny van Nagmaalbrood. Het u dalk een wat u nie meer gebruik nie? Die Skenking sal waardeer word.

## *NUWE LIDMATE*

**Baie welkom aan ons nuwe lede. Bewys van lidmaatskap is ontvang.**

Karl Philipp Grimsehl vanaf Valleisig

Charlene Grimsehl gebore Strydom vanaf Pietersburg

## *BYBELSTUDIEGROEPE :*

Maandag 15:00 Parkdal

Woensdag 09:00 Parkrand
10:00 Tiny Krige
10:00 Lofdal

Dinsdag 09:00 Noorde
10:00 La Vie

Donderdag 09:00 Dienssentrum
10:00 La Borie
11:00 Protea


**Omgee-Manne:** Saterdagoggend 6:30 by die kerk

**KERKRAADSVERGADERING:** DV 10 Februgrie om 18:00 in die konsistorie

## Baie geluk aan almal wat verjaar 8 - 14 Februarie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Dirk | De Villiers | 02/09 | | |
| Phillip | LLoyd | 02/09 | | 27825626384 |
| Joan | Van Tonder | 02/09 | | 27823412456 |
| Tony | Laurie | 02/10 | | 27823738569 |
| Angelique | Nieuwoudt | 02/10 | 0832930772 | 27832930772 |
| Kobus | Van Heerden | 02/10 | 664 1458 | |
| Lindie | Kruger | 02/11 | 664 2770 | 27825785721 |
| Anika | Van Heerden | 02/11 | 0723088348 | |
| Marna | Van Wyk | 02/12 | 079 075 2250 | 27790752250 |
| Hennie | Bester | 02/13 | 0826518184 | 27826518184 |
| Daleen | Van Jaarsveld | 02/13 | 012 644 0837 | 27729459188 |
| Rina | Engelbrecht | 02/14 | 664 2674 | 27834891202 |
| Annatjie | Roets | 02/14 | | 27832872468 |
| Jacques | White | 02/14 | | |

**10de MAAND DANKOFFER**




**NG Lyttelton-Noord. Absa Bank .**
**Reknr: 600590243, Tak: 335045**
**Verwysing: 10de maand**

**Dankie aan almal wat reeds hul 10de maand dankoffer gegee het. Die Kerk het dit bitter nodig.**